# Hoofstuk van die dag: Esegiël 38 – 39

> *"Maar," sê die Here my God, "die dag wanneer Gog die land Israel aanval, sal my toorn teen hom losbreek." (Eseg 38:18)*

Gog, die leier van die land Magog, is ’n legendariese, uiters geweldadige figuur wat angs en verskrikking inboesem. Hy is die verpersoonliking van die vyande van God se mense, wat daarop uit sal wees om Israel te vernietig wanneer die ballingskap verby is en die Israeliete en Jode na Kanaän terugkeer. Dit sal dus iewers in die toekoms gebeur, wanneer die land oop lê omdat al die stadsmure en vestings deur Nebukadnesar vernietig is en die mense weerloos is (38:11-16).

Die troos wat Esegiël bring, is dat God se mense nie regtig weerloos teen die aanslag van die Bose is nie. God sal self ingryp om die Bose te stuit. Esegiël beskryf taamlik grafies hoe Gog en sy hordes deur God afgemaai sal word en in ’n massagraf begrawe sal word (39:11-16).

God is groot en heilig. So wil Hy geken, geëer, gevrees en geliefd wees. Almal moet dit weet, selfs dié wat dit nie wil weet of hoor nie. Elkeen moet swig voor die besef dat God die Here is (38:23 en 39:25-28).

’n Nuwe tyd sal aanbreek as die Gees uitgestort is (39:29). Dis mos Pinkstertyd!


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026